

Hall of Fame

Frik en Sarie Knoetze, Noord Kaap Ere-lede

AANSOEK HALL OF FAME TOEKENNING 2012

Kriteria	Motivering	Punte toekenning
Part 1. Must have been a member continuously for 20 years. (20 Points).	Frik en Sarie is vanaf 1970 as 'n Vennootskap lede van die SASV en hulle is tans nog lewenslange ere-lede. Sarie het die hobbie eerste verlaat in die vroeë 90's omdat sy 'n allergie ontwikkel het vir duiwestof en vere. Dit was later so erg dat Frik ook noodgedwone van sy duiwe ontslae moes raak. Was dit nie vir dit nie, was beide waarskynlik nog in die hobbie.	20
Part 2. Must have a clean record at club, regional and national level. (10 points)	Dit is bekend dat hulle voorbeeldige en navolgenswaardige lede is. Hulle was geliefd onder alle lede, veral Sarie	10
Part 3. Must have served SAFFA for 10 years at national level on the Executive Committee or Standard Judging Committee and/or 20 years at regional level or 30 years at Specialist club level as President, Vice-President, Secretary, Treasurer, Judges Officer, Show Manager or Regional Representative. (20 points)	Frik is in 1981 as Nasionale Ringmeester verkies deur die lede maar Sarie het eintlik die fisiese uitstuur van ringe gehanteer. Sarie is 2 jaar later deur die lede verkies as Ringmeester. Frik was vir twee jaar Nasionale Sekretaris. Saam het hulle langer as 10 jaar in die U.K. gedien. Op Streekvlak was Frik in Noord-Kaap vanaf 1985 tot 1996 President van die streek. Hy was vir etlike jare ook voorsitter van die Kroonstadwyk en het ook op die bestuur van Transvaalstreek gedien asook in talle klubbesture. Hy was met talle skoue fisies betrokke by die maak van skouhokkies, opsit en afbreek van skoulogistiek.	16
Part 4 This Part must be completed by a regional	1. In Kroonstad Wyk was hulle die spilpunt van aktiwiteite van 1973 tot 1980. Karel Kock, wedvlugteler het 'n saal te Kroonstad laat bou en Frik en wyle Johan Botha en nog lede, moes namens die sierduifmanne die skouhokke aankoop en bou wat in die saal gebruik sou word. Vir jare	6

<p>committee and accompanied by facts and sufficient documents. It deals with “How other members perceive the member”, rating as follows in the under-mentioned categories</p> <p>(a) Administrative initiatives This refers to administrative initiatives in all categories of functions in running a specialist club, a region or SAFFPA at national level, successfully. (8 points)</p>	<p>was hierdie saal die hoofkwartier van Kroonstadwyk se byeenkomste en skoue. In 1976 moes Kobus Snyman as Sekretaris van die Vrystaat met die Kroonstadmanne gaan onderhandel omdat wyle Manie Fourie sterk kapsie gemaak het dat die Kroonstadlede hulle eie Sierduif Klub gestig het – iets ongehoorts in daardie dae. Hulle is as rebele beskou. ‘n Vleisbraai voor die vergadering is vir 16:00 gereel en Kobus en Bertha, wat vroeër die dag by Frik en Sarie aangekom het en pas ‘n ruim middagete by hulle geniet het, was maar ongemaklik om nog hul “pose” by die braaivleiseet ook te hou. Tydens hierdie vergadering was dit duidelik daar was geen rebelie nie is die gedagte gebore van die eerste Wyk van ‘n streek omdat dit die gevoel was dat waar ‘n groep lede op dorpe aktief raak, hulle wel een of ander komitee moet hê om sake te orden. Die naam is verander na Kroonstadwyk van die Vrystaat en die woord klub is weggelaat. Vir die U.K. van die SASV was dit ‘n onding maar maande later het die U.K. onder voorsitterskap van Waren Klopper die idee met ‘n vergadering te Kroonstad aanvaar. Hierna het vele wyke gevolg in ander streke wat die hobbie net goed gedoen het, maar wyke het met verloop van tyd weer doodgeloop soos wat die aktiewe lede daardie dorpe verlaat het. Die kruks van die saak is dat Kroonstad ‘n baie aktiewe wyk was. So byvoorbeeld het Oos-Transvaal ‘n wyk van Transvaal gevorm voordat hulle ‘n streek geword het. In die Kroonstadsaal is die eerste Modena Prestige skou deur Frik aangebied gedurende 1978. Talle skoue en duiwedae is hier gehou, selfs is daar saam met wedvlugmanne en hoendertelers geskou. Die Kroonstadwyk was gedurende daardie jare ervaar as ‘n baie hegte groep telers.</p> <p>2. In 1980 is Frik na Kemptonpark verplaas. In Transvaal Streek het beide reuse bydraes tot die streek gelewer tydens skoue en beoordeling. Sarie was gewoonlik agter die skoubestuurderstafel behulpsaam met die administrasie en Frik met beoordeling. Met die SA’s van 1985 in Johannesburg, was Sarie ook die hoof chef met talle dames wat gehelp kos maak het. Dit is waar Soekie met haar sierlike handskrif as jong dogter sertifikate begin skryf het. Behalwe wat persoonlik van die twee mense belewe is, is daar nie verifieerbare detail oor hul Transvaaldae nie.</p> <p>3. In Noord Kaap vanaf 1985 was beide leiers wat die streek weer aanmekaar gesit het na Peter Vertue se dood. Daar was in 1985 geen streek kohesie of aktiwiteits nie. Die aanbod van die SA’s in 1993 is ‘n sprekende voorbeeld hoe die streek opgelig is. Wie sal ooit die trein-hotel op die skougronde vergeet. Dit was ‘n fees onder die duiwemanne en –vroue. Daar was 3 vragte van 7ton hout afgelaai vanaf boere vir die koue en vleisbraai. Deur Frik se toedoen, kon Noord-Kaap vanaf 1985 weer op die Kimberley skougronde skou en is alle hokke vanaf Christiana na bergingsruimte op die skouterrein verskuif. Talle nuwe hokke is ook gemaak. Hulle het Noord-Kaap van nuuts af opgebou in samewerking met die Kimberley Skougenootskap waar hy vir jare lid van die komitee was om voordele vir sy streek te bekom. Daar was ook noue samewerking met Millie Kemp van</p>	
--	--	--

	<p>Clover wat oor jare duisende Rande vir Noord-Kaap geborg het in kontant en pryse. Frik het net daardie vermoë gehad om homself ooral in te wurm tot voordeel van sy streek sonder om 'n laspos van homself te maak. Die eerste skou saam met die Kimberley Skou-vereniging was in 'n eenkant gebou met net 'n dak en oop mure met sifdraad. Van hier het hulle oor die jare gevorder tot binne in een van die mees sentrale sale op die skougronde wat deur jaarliks deur duisende mense besoek is. Tydens beoordeling moes beoordeling vir lang rukke onderbreek word om nuuskierige vrae van die publiek te beantwoord. Beoordelaars is letterlik beskou as die wysere van sierduiwe. Frik was President van die Streek vanaf 1985 tot 1996 toe hy finaal die hobbie MOES verlaat agv Sarie se alergie vir duiwestof.</p> <p>4. Vir baie jare was Frink en Sarie deel van die konvooi wat Kaapstad SA's gaan bywoon het. Hierdie ritte met manne soos Manie Fourie, Koos Piek, Rouxtjie Roux, Wille Theunissen, Neels le Roux, die Snyman's en talle ander, was 'n fees. Halfpad deur die nag is vleisgebraai. Op een so 'n sending na die Kaap, was Brandweer en Oorlog by toe daar die nag in Baufortwes se karavaanpark oornag is. Dit was ysig koud. Wat daardie aand met die hoenderbraai gebeur het, is nie oor te vertele nie. Dit is egter kielie-lekker om Frik se manevas in herinnering te roep en Sarie se "heretjie, dis net Frik daardie" of soos Chris van den Berg (oorlog) dit gestel het: "Daar spreek Frik nou die seën oor die "braai hoender" op die rooster uit. Gees is gevang, wat sonder Frink Knoetze net nie moontlik sou wees nie. Dan was daar Sarie se verleentheid die oggend in 1982 toe die dames teen die rantjie afgesak het om te gaan piepie. Toe Sarie terugkom hou sy haar rok vas: "Frik ek het my rok nat gepiepie." Gevat het hy geantwoord: "Daai is niks, kyk die k@k op jou skoene". 'n Plaaitye van die eerste water.</p>	
(b) Judging Not only judging during shows, but contributions in re-writing, translating and revising of Standards, not only in one breed, but several. (6 points)	<p>Sarie het nooit beoordeel nie, maar sy het talle kere vir beoordelaars as 'n baie bekwame assistent opgetree. Menige skoue het sy ook ingespring en aangebied om die administratiewe werk vir streke te doen op dag van skou. Talle streke het haar selfs voor die tyd bespreek om te kom help. Haar vaardigheid het sy die eerste keer met die 1977 SA in Bloemfontein begin leer. So het Soekie as kind dan ook duisende sertifikate in haar sierlike handskrif geskryf. Frik is in 1993 as Senior Beoordelaar verkies en het op menige klub-,streek en SA's beoordeel. Frik was betrokke by vertaling van 'n klompie standaarde wat hy moes doen in die 80' en hy was lid van die beoordelaarsvereniging.</p>	4
c) Attending a broad spectrum of specialist club, regional and national shows for many years. (5 points)	<p>Daar is te veel om op te noem maar daar is roemryke staaltjies van Frik Knoetze van sover as Nelspruit tot in die Kaap, baie lede kan hieroor getuig. Blaai deur die Sierduif en die getuinisse is daar neergepen. Soos wat Frik op menige skoue beoordeel het, so het Sarie die dag se skouadministrasie vir die gashere help hanteer.</p>	4
d) Show awards: as	<p>Frik het in Kaapstad (1982) die SA Kampioen met 'n eie geteelde Sulphur Tri Gazzi op die SA's</p>	5

<p>exhibitor and breeder (8 points)</p>	<p>gewen en daarna die duif vir wyle Dick Hattingh geskenk. Wie sal so iets sommer doen? Vir hom het dit oor die hobbie gegaan. Met die 1995 Sa's het Frik die Beste Gazzì Modena vertoon en Sarie die Beste Kartelrug. Beide hy en Sarie het talle ander streek- en klubkampioene opgelewer met Strassers, Modenas, Kartelrue, Holle Kroppers en 'n verskeidenheid ander rasse. Daar is nie deur die uitslae van al die jare gewerk nie, maar dit kan verseker geverifieer word.</p>	
<p>(e) Contributions in advertising the hobby of keeping fancy pigeons, SAFPA, selling of good stock, etc. (5 points)</p>	<p>Hul betrokkenheid by die Kimberley Skougenootskap is reeds bespreek. Op een so 'n streekskou was die burgemeester van Kimberley 'n gas. Frik en Sarie was lief om te spog met hul duiwe en die SASV. Sarie het van die Beste Strassers, Kartelrue (uit Johan Viviers se hokke) en Holle Kroppers gehad en Frik het goed gedoen met sy Modenas en verskeie ander rasse. Hulle het gewoonlik duiwe weggee en nie verkoop nie. Frik is ook die enigste sierduifteler wat oor voldoende kennis beskik het om deur SA Posduifunie uitgenooi te word om tov wedvlugduiwe as beoordelaar getoets te word op een van hulle skoue. Dit is 'n besondere prestasie.</p>	<p>4</p>
<p>f) General leadership and organizational abilities at specialist club, regional and national level in SAFPA (8 points)</p>	<p>Frik was 'n mede stigterlid van ASR Klub. Hy is wel nie administratief aangelê nie; maar aan innisiatief en oorspronklike denke het hy geen gebrek nie. Deur die jare wat hulle streekskoue landswyd besoek het, was hy altyd bereid om tydens skoue nuwelinge touwys te maak. Sarie was die een wat al Frik se planne en idees op papier moes stel en het sy hom uitstekend aangevul. Frik het die praatwerk gedoen en sy die werk – 'n baie goeie kombinasie want meer lojaal aan die SASV sal jy ver moet gaan soek om te vind. Was dit nie dat sy in die laat 1990 'n allergie vir duiwestof ontwikkel het nie, sou hulle waarskynlik vandag nog met sierduiwe geteel het. Dit het later so erg geword dat Frik ook nie meer duiwe op die erf kon aanhou nie en in 1996 het hy sy laaste klompie duiwe feitlik weggee. As dit kom by die uitlewing van leier-eienskappe in die praktyk, het Frik agv sy entoesisme, meer uit mense gekry as wat baie mense kon regkry. Kroonstadwyk oplewing en Noord-Kaap herlewing, is sprekende voorbeelde. Sover terug as 1978 was hy die man wat die eerste Modena Prestige Skou te Kroonstad aangebied het. Ben Ricketts was op daardie stadium Voorsitter van die klub en Frik 'n komiteelid. Frik het wyle Hannes en Lettie Reyneke, wat geerde en toonaangewende Modenatelers van die jare 50's was, persoonlik oorgehaal om op die skou te kom beoordeel – dit was hul laaste optrede in die SASV. Tipies Frik, het hy met die 2010 streekskou van Noord-Kaap, 12 bottels Black en White vir pryse en geskenke oorhandig en het hy die Vrydagaand saam met die manne gekuier. Daar is na Streekskoue te Kimberley talle saamtrekke op Saterdaggaande aan huis van Frik en Sarie gehou.</p> <p>Manne soos Hannes Raath (met sy kitaar), Karel Reyneke, Corrie van Reenen, Jan Buys, Koos van Zyl, Warren Klopper, die Snymans en talle ander het lustig om die braaivleisvure musiek gemaak en saam gesing. Die Knoetzes het vele Sierduifboekies help insit in koeverte. Daardie jare was die Sierduif nog elke maand gepubliseer en meer as 500 is uitgepos. Min vennootskappe in die SASV het as gesin soveel oor 3 dekades heen vir die SASV beteken. Sarie was by uitstek die een wat as</p>	<p>7</p>

	<p>besoeker op skoue, ingespring het om met die skouadministrasie te help. En in vele gevalle het Soekie as skooldogter die skousertifikate in haar sierlike en fancy skrif uitgeskryf. Frik was nie net 'n pel duisend vir menige sierduifmanne nie; hy was by uitstek 'n man wat die dames met sy kwinkslae kon vermaak en terg en bloedrooi laat bloos.</p>	
<p>Part 5. The member must have full colours in – Administration - 10 years on the Executive Committee and / or 20 years at Regional level and / or 30 years at Specialist Club level (a combination of all three will help to earn points in a shorter period) Judging - Judged at 24 regional or well-organised specialist club shows and / or 12 national shows or be a Senior Judge Breeder - A Specific number of awards with own bred pigeons in the “Top 7 Awards” on any regional show or the national show. (Points can be earned at specialist club shows for major awards achieved under certain circumstances approved by the E.C.) For part 5, only 0 or 10 points can be awarded. A member must have</p>	<p>Sarie het Nasionale Kleure in Administrasie.</p> <p>Frik het Nasionale Kleure in Beoordeling, Teler en Administrasie.</p> <p>As vennootskap het hulle dus vier kleure toekennings. Beide het altyd alles wat hulle in die SASV gedoen het, saam gedoen. 'n Toonbeeld van hoe 'n vennootskap behoort te funksioneer. Baie vennootskappe bestaan net in naam. In die Knoetze's se geval was hulle nerens alleen pf net in naam nie, hulle was altyd saam betrokke.</p>	<p>10</p>

full colours in all three categories to earn 10 points.		
Totaal		86

Saamgestel deur Kobus Snyman, namens die Noord-Kaap Streek